

20

GEWELD

*God skep lewe en geen mens
mag 'n lewe vernietig nie*

ALGEMENE DOELSTELLINGS

Die kinders moet weet geweld vernietig lewe.

SPESIFIEKE DOELSTELLINGS

Kennis

Die kinders moet weet –

- watter tipes geweld in ons tyd bestaan; en
- hoe om daarop te reageer.

Gesindheid

Die kinders moet bereid wees om te alle tye geweld teen te staan.

Vaardigheid

Die kinders moet op die regte manier op verskillende soorte geweld kan reageer.

MEER INLIGTING (Genesis 4; Romeine 12: 9-21)

Geweld beteken om mag en krag te misbruik.

Geweld gebeur met mense.

Ons lees in die Bybel al in Genesis dat die eerste mense mekaar geweld aangedoen het.

Daar is baie verskillende vorme van geweld.

Geweld wek ook vrees by mense op.

Ons doen baie moeite om onself teen geweld te beskerm.

Kom ons kyk na die verskillende soorte geweld:

Fisieke geweld praat van geweld wat aan ons liggaam gedoen word.

Dit is soos wanneer iemand geslaan of geskop of selfs geskiet word.

Fisiese geweld bedreig lewe en kan lei tot iemand se dood.

Emosionele geweld laat nie snye en bloukolle agter nie.

Emosionele geweld veroorsaak letsels in 'n mens se gees.

Dit behels die seermaak van iemand se gemoed of gevoelens of selfbeeld of motivering.

Emosionele geweld kom deur beledigende opmerkings en vloekwoorde, briewe, SMS'e, e-posse en optredes.

Sulke geweld vernietig mense se lewens oor 'n lang periode.

Strukturele geweld is waar mense met strukture en instellings en wette geforseer word om op 'n manier te leef wat hulle menswaardigheid aantas.

Regerings van lande wat hulle landsburgers laat verarm, is skuldig aan hierdie vorm van geweld.

'n Goeie voorbeeld hiervan is die skep van konsentrasiekampe waar mense sterf as gevolg van voedseltekort en haglike gesondheidstoestande.

Noodweer of selfverdediging is 'n vorm van geweld wat 'n slagoffer uit reaksie toepas om sy of haar eie lewe te beskerm.

Noodweer word geweld wanneer mense die reg in eie hande neem en ander mense geweld aandoen omdat hulle self te na gekom is.

Gelowiges werk baie verantwoordelik met noodweer en pas dit slegs toe indien dit die heel laaste uitweg is.

Gesinsgeweld is wanneer mense van dieselfde gesin mekaar seermaak.

Die man kan sy vrou en die kinders mishandel.

Die vrou kan haar man en die kinders mishandel.

Soms kan kinders ook hulle ouers geweld aandoen.

Ouers moet hulle kinders dissipleneer maar moet dit in liefde doen, nie deur geweld nie.

Alkoholmisbruik is dikwels die rede vir geweld.

Desensitasiegeweld is wanneer 'n mens so gewoon word aan geweld dat dit jou nie meer raak nie. Ons beleef dit in speletjies en TV-programme en fliks.

Dit word tweede natuur om bloed te sien en te sien hoe mense vermoor word en emosioneel afgekraak en vernietig word. Ons verstaan dat dit spesiale effekte in aksiefliks is, maar dit ontstel ons nie meer nie.

Hoe moet ons reageer?

Wat moet 'n Christen se reaksie en houding teenoor geweld wees?

Die wêreld behoort nie sonder 'n Christelike perspektief op geweld te bestaan nie.

Christene moet altyd ten sterkste stry teen enige vorm van geweld.

Ons moet in alle opsigte 'n verskil probeer maak.

Christene neem ook nooit die reg in eie hande nie.

Christene doen altyd die regte ding wanneer ons met geweld te doen kry.

Romeine 12 leer ons onder andere dat ons nie mag wraak neem nie.

Die Christelike kerk se stem moet ook in die media gehoor word.

Die vermaaklikheidswêreld moet hoor dat geweld nooit reg kan wees nie.

Ons moet lewe soos God dit vir ons bedoel het.

AANBIEDING

Jy het nodig

- Die Bybel.
- Volledige onlangse koerante.
- Voorbeelde van een of meer DVD met ouderdomsbeperkings V en L.

KOM ONS BEGIN

Begin met 'n gebed, of vra een van die kinders met wie vooraf gereël is om die gebed te doen.


HET HULLE ONTHOU?

- Kyk hoeveel van die kinders verlede week se memoriseerteks kan opsê.
- Laat die kinders hulle planne wat hulle by verlede week se les saam met hulle gesinne opgestel het, met die klas deel.

VANDAG LEER ONS

BEGIN SO

- Deel die klas in kleiner groepe van vier.
- Laat elke groep na elkeen van die onderstaande prentjies kyk en die vrae by elkeen bespreek.
 - Waar sien ons gewoonlik hierdie teken?
 - Wat beteken die verskillende afkortings in hierdie teken?
 - Hoeveel fliks het julle die laaste twee maande gekyk wat 'n soortgelyke teken dra?
 - Op hoeveel van die beskikbare DStv-kanale is ouderdomsbeperkings bo die ouderdom van 10?
- Ken julle die karakter in hierdie prentjie?
- Waarom is hierdie tekenprent-reeks so gewild?
- Wat is dit in hierdie prentjie wat nie by *grapperig* en *snaaks* pas nie?
- Wek hierdie prentjie by julle enige vrees?
- Hoe sou julle hierdie kind se emosie beskryf?
- Op die hand is woorde soos *domkop*, *mislukking*, *jy is 'n swaap*, *moroon*, *nikswerd*, *swakkeling*, *bedorwe brokkie*, *onderpresteerder*, *jy irriteer my*, *jy is 'n vark* – watter tipe geweld is dit?
- Hoekom word hierdie hand geteken asof dit die kind verwurg?
- Sal hierdie woorde enige sigbare merk aan die kind maak?



Blaai deur een van die koerante wat julle kategeet na die klas saamgebring het.

- Naastenby hoeveel berigte gaan oor dinge wat mense seermaak of doodmaak?
- Naastenby hoeveel berigte gaan oor iets wat negatief is?



- Laat die groepe bymekaar kom en hulle antwoorde by die vrae in die grootgroep deel.
- Dit is belangrik dat die kinders begryp dat hulle al so gewoon is om aan geweld blootgestel te word, dat hulle dit as doodnormaal beleef.

IETS INTERESSANT

Bespreek die inhoud by **MEER INLIGTING** aan die hand van die volgende:

- Wat is geweld?
- Fisiese geweld.
- Emosionele geweld.
- Strukturele geweld.
- Noodweer of selfverdediging.
- Gesinsgeweld.
- Desensitasiegeweld.

IETS BELANGRIK

Skerp weer die volgende in:

- Christene moet altyd ten sterkste stry teen enige vorm van geweld.
- Ons moet in alle opsigte 'n verskil probeer maak.
- Ons neem nooit die reg in eie hande nie.
- Romeine 12 leer ons onder andere dat ons nie mag wraak neem nie.
- Die vermaaklikheidswêreld moet hoor dat geweld nooit reg kan wees nie.
- Ons moet lewe soos God dit vir ons bedoel het.
- Ons hou altyd die gebod van die liefde in die oog wanneer ons met geweld te doen kry.

IETS OM TE DOEN

- Deel die klas nou weer in die klein groepe in.
- Laat die groepe Romeine 12: 9-21 lees en onderstaande vrae in hulle boeke invul met die riglyne wat hulle in die teksgedeelte gelees het.

ROMEINE 12: 9-21

Opdrag uit die teks	Antwoord	Dink aan 'n praktiese voorbeeld van hoe dit kan werk
<i>Wat moet ons met ons vervolgers doen?</i>	<i>Ons moet hulle seën en hulle nie vervloek nie.</i>	<i>Ons kan bid vir mense wat geweld aan ander doen. Ons kan deel wees van die hulp wat aan mense gegee word om hulle geweldsgedrag te verander. Ons kan mense vergewe wat ons te na gekom het.</i>
<i>Wat moet ons met die "kwaad" doen?</i>	<i>Ons moet dit nie met kwaad beantwoord nie.</i>	<i>Ons moenie probeer terugslaan as ons te na gekom is nie – ons sal meer bereik deur anders op te tree. As ons vergeef, het dit 'n groter effek in 'n geweldenaar se lewe.</i>
<i>Hoe moet ons teenoor alle mense leef?</i>	<i>In vrede, so ver dit van ons afhang.</i>	<i>Ons moenie geweld aan ander mense doen nie en ook nie vir altyd dinge teen hulle hou nie.</i>
<i>Wat van wraak neem?</i>	<i>Ons moenie self wraak neem nie.</i>	<i>Wraak maak niks beter nie, dit sit net die geweld voort wat ons wil stop. Praat die saak uit. Of laat dit aan die gereg oor. Bid vir hulle. Vergewe dié wat jou seergemaak het.</i>
<i>Waarmee word kwaad oorwin?</i>	<i>Met die goeie.</i>	<i>Die effek is soveel groter as geweld en onreg met goeie dinge beantwoord word. Dit is soms baie moeilik, maar dit is waar Christene die verandering bring.</i>

- Laat die groepe in die groot groep saamkom, en bespreek die antwoorde met behulp van die riglyne.

BY DIE HUIS

DOEN

- Die kinders gaan kennis maak met die lewensverhaal van Moeder Teresa. Die doel is nie dat sy in persoon vereer word nie, maar dat die kinders sal ontdek hoe groot die effek kan wees waar 'n Christen op die regte manier op geweld antwoord.

Vra jou ouers om jou te help om die volgende navorsing te doen deur van die internet of 'n ander bron gebruik te maak.

- Gaan lees na oor die lewe van *Moeder Teresa* en probeer die volgende uitvind:
 - Waar is sy gebore, en waar het sy gewoon en gewerk, en wanneer is sy oorlede?
 - Hoekom is sy 'n wêreldbekende persoonlikheid?

- Waarvoor het sy in 1979 die Nobelprys ontvang?
- Skryf 'n paar van haar bekende aanhalings neer wat oor geweld en die nood van mense handel.
- Hoe het haar geloof haar siening oor geweld beïnvloed?
- Wat het jy uit haar lewensverhaal geleer oor Christene en geweld?



LEER

Ons memoriseerteks vir hierdie week is Romeine 12: 21: *Moet jou nie deur die kwaad laat oorwin nie, maar oorwin die kwaad deur die goeie.*

AFSLUITING

Sluit af deur Gesang 284 as 'n gebed te lees.

*Laat, Heer, u vrede deur my vloei...
waar haat is, laat ek daar u liefde bring.
Laat ek in pyn en smart vertroostend wees
en krag gee deur geloof in U, o Heer.*

*O Heer, help my om altyd so te leef –
om ander hoër as myself te ag,
ja, om lief te hê – ander bo myself –
en ook eerder te gee as te verwag.*

*Laat, Heer, u vrede deur my vloei...
en laat ek hoop gee waar daar twyfel is.
Ek wil u lig in duisternis laat skyn.
Laat ware vreugde altyd uit my straal.*

*O Heer, help my om altyd so te leef –
om ander hoër as myself te ag,
ja, om lief te hê – ander bo myself –
en ook eerder te gee as te verwag.*

*Laat, Heer, u vrede deur my vloei...
leer my om ook soos U te kan vergeef.
Maak my bereid om aan myself te sterf,
dat ander U al meer in my kan sien. Amen.*

Belangrike nota vir die kategeet:

Volgende week se les handel oor verslawing of afhanklikheid. Doen moeite om 'n plaaslike rehabilitasie-gespreksgroep of sentrum vir chemiese afhanklikheid te kontak en een van die volgende versoeke te rig:

- Om indien dit moontlik is, as 'n klasgroep die sentrum of gespreksgroep te besoek en kennis te maak met die proses van afhanklikheid en rehabilitasie.

OF

- Om 'n vrywilliger te reël wat gerehabiliteer is ná 'n pad met verslawing of afhanklikheid om bloot sy of haar lewenstorie in die klas te kom deel. Hy of sy moet bereid wees om 'n paar vrae te beantwoord wat uit die ontmoetingsgeleentheid met die klas na vore kom.

OF

- Om 'n videosnit van die getuienis van enige gerehabiliteerde afhanklike te vertoon (hierdie tipe getuienisse kan opgespoor word met 'n soektog op die internet).